



55

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

Government Gazette No. 1166, dated 29 June 1977.

Government Gazette No. 1166, dated 29 June 1977.

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Price 20c Prys

Overseas 30c Oorsee

POST FREE—POSVRY

CAPE TOWN, 29 JUNE 1977

VOL. 144]

[No. 5617

KAAPSTAD, 29 JUNIE 1977

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1166.

29 June 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 87 of 1977: Liquor Act, 1977.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1166.

29 Junie 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 87 van 1977: Drankwet, 1977.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

ACT

To consolidate the laws for the control of the sale and supply
of liquor.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 17 June 1977.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

ARRANGEMENT OF SECTIONS

	Section
Definitions	1
CHAPTER I The Liquor Board	2–8
CHAPTER II Meetings of the Board	9–21
CHAPTER III Licences and authorities for the sale of liquor	22–24
CHAPTER IV Requirements relating to applicants and premises in relation to applications for licences and authorities	25–35
CHAPTER V Applications for, and the issue of, licences and authorities	36–44
CHAPTER VI Transfer, removal, temporary continuation and suspension of licences	45–51
CHAPTER VII Control of licensed premises:	
A General	52–69
B On-consumption licences	70–80
(a) Occasional licences	81–83
(b) Hotel liquor licences	84–87
(c) Bar licences	88–89
(d) Club liquor licences	90–92
(e) Meal time wine and malt licences	93–95
(f) Restaurant liquor licences	96–97
(g) Sportsground liquor licences	98–99
(h) Theatre liquor licences	100–101
(i) Temporary liquor licences	102–107
(j) Wine and malt liquor licences	108–110
(k) Wine house licences	111–114
C Off-consumption licences	115–117
(a) Brewers' licences	118–124
(b) Foreign liquor licences	125–128
(c) Liquor store licences	129–135
(d) Wholesale liquor licences	136–145
(e) Grocers' wine licences	146–152
(f) Wine farmers' licences	153–157
CHAPTER VIII Prohibitions and restrictions in particular cases	158–166

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

103-106	Passes or tickets of preference	XI	CHAPTER
110-113	Borrowed tickets and preference	X	CHAPTER
113-116	Penalties of trespassing and	XI	CHAPTER
116-119	offences	XII	CHAPTER
120-123	Offences and penalties concerning	XIII	CHAPTER
123-126	offences of bootlegging	XIV	CHAPTER
126-129	Penalties of bootlegging	XV	CHAPTER
129-133	General provisions	XVI	CHAPTER

I. In die Aag wouces die conteele operswese nadecories —
 (i) "Asia" was en bestuur personele oor die

selde tesse of Asia exchange

(ii) die leuse conteele krouns die Gees Miesies

(iii) die leuse conteele krouns die Gees Miesies

(iv) die leuse conteele krouns die Gees Miesies

(v) die leuse conteele krouns die Gees Miesies

(vi) die leuse conteele krouns die Gees Miesies

WET

Tot samevatting van die wetsbepalings waarby die verkoop en verskaffing van drank gereel word.

(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)
 (Goedgekeur op 17 Junie 1977.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

INDELING VAN ARTIKELS

		<i>Artikel</i>
Woordomskrywings		1
HOOFSTUK I	Die Drankraad	2-8
HOOFSTUK II	Vergaderings van die Raad	9-21
HOOFSTUK III	Lisensies en magtigings vir die verkoop van drank	22-24
HOOFSTUK IV	Vereistes rakende aansoekers en persele met betrekking tot aansoeke om lisensies en magtigings	25-35
HOOFSTUK V	Aansoeke om, en uitreiking van, lisensies en magtigings	36-44
HOOFSTUK VI	Oordrag, verplasing, tydelike voortsetting en opskorting van lisensies	45-51
HOOFSTUK VII	Beheer van gelisensierde persele:	
A	Algemeen	52-69
B	Binneverbruiklisensies	70-80
(a)	Geleenheidslisensies	81-83
(b)	Hoteldranklisensies	84-87
(c)	Kantienlisensies	88-89
(d)	Klubdranklisensies	90-92
(e)	Maaltyd-wyn-en-bierlisensies	93-95
(f)	Restaurant-dranklisensies	96-97
(g)	Sportterrein-dranklisensies	98-99
(h)	Teaterdranklisensies	100-101
(i)	Tydelike dranklisensies	102-107
(j)	Wyn-en-bierlisensies	108-110
(k)	Wynhuislisensies	111-114
C	Buiteverbruiklisensies	115-117
(a)	Bierbrouerslisensies	118-124
(b)	Buitelandse dranklisensies	125-128
(c)	Drankwinkellisensies	129-135
(d)	Groothandelaars-dranklisensies	136-145
(e)	Kruideniers-wynlisensies	146-152
(f)	Wynboerlisensies	153-157
HOOFSTUK VIII	Verbiedinge en beperkings in bepaalde gevalle	158-166

CHAPTER	IX	Lease of licensed premises	167–169
CHAPTER	X	Prohibited liquors and substances	170–172
CHAPTER	XI	Functions of inspectors and police	173–181
CHAPTER	XII	Offences and penalties, jurisdiction of magistrates' courts and forfeiture of goods seized	182–190
CHAPTER	XIII	Evidence	191–206
CHAPTER	XIV	General provisions	207–213

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—
 - (i) “Asian” means any person belonging to one of the native races of Asia, excluding—
 - (a) the race commonly known as the Cape Malays;
 - (b) the Jewish or Syrian race; or
 - (c) any race or branch of any race, declared by the State President by proclamation in the *Gazette* to be excluded from this definition; (iv)
 - (ii) “Bantu” means any person who is, or is generally accepted as, a member of any aboriginal race or tribe of Africa, but does not include a Hottentot; (v)
 - (iii) “Bantu beer” means Bantu beer as defined in section 1 of the Bantu Beer Act, 1962 (Act No. 63 of 1962); (vi)
 - (iv) “Board” means the Liquor Board referred to in section 2; (xxxix)
 - (v) “brandy” means, for the purposes of section 74, 131 or 148, a liquor which complies with the requirements prescribed in the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act No. 25 of 1957), to be sold as brandy; (xiii)
 - (vi) “chairman” means the chairman of the Board; (1)
 - (vii) “class” means, in relation to persons, any number of persons having any characteristic in common, relating to race, sex, social distinction or otherwise; (xxiv)
 - (viii) “closed days” means—
 - (a) Sundays;
 - (b) Christmas Day;
 - (c) Good Friday;
 - (d) Ascension Day;
 - (e) Day of the Covenant;
 - (f) any polling day fixed under the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), or under that Act, read with the Coloured Persons Representative Council Act, 1964 (Act No. 49 of 1964), or under any law which regulates the election of members of the Indian Council, if the licensed premises in question are situated or the place where liquor is to be delivered, is situated in any division in which a poll is being taken or—
 - (i) in the case of a general election held in pursuance of a dissolution of the House of Assembly, a provincial council, the Coloured Persons Representative Council or the Indian Council, not more than thirty kilometres; or
 - (ii) in the case of any other election held under the said Electoral Consolidation Act, 1946, or the said Coloured Persons Representative Council Act, 1964, or any law which regulates the election of members of the Indian Council, not more than five kilometres,
 - by the shortest practicable public road from any polling station at which any vote in connection with that election may be recorded;
 - (g) in relation to any particular premises where liquor is sold, any other day on which such premises shall be closed under this Act or of any other law, but does not include a polling day fixed under any law relating to the election of elected members of a Legislative Assembly of any self-governing territory

HOOFSTUK	IX	Huur van gelisensieerde persele	167–169
HOOFSTUK	X	Verbode dranken en stowwe	170–172
HOOFSTUK	XI	Werkzaamhede van inspekteurs en polisie	173–181
HOOFSTUK	XII	Misdrywe en strawwe, regsges- voegdheid van landdroshewe en verbeuring van goed waarop beslag gelê is	182–190
HOOFSTUK	XIII	Bewyslewering	191–206
HOOFSTUK	XIV	Algemene bepalings	207–213

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, Woordomskrywings beteken—

- (i) „aangewese polisie-offisier” die polisie-offisier wat kragtens artikel 174 aangewys is en ook 'n inspekteur wat kragtens artikel 173 aangewys is vir sover hy die werkzaamhede van daardie polisie-offisier moet verrig; (xiv)
- (ii) „afhanglikheidsvormende stof” 'n stof wat kragtens artikel 172 as sodanig verklaar is; (xiii)
- (iii) „ander gegiste drank” 'n drank van ander vrugte as druwe gemaak of vervaardig, wat meer alkohol as twee persent van sy volume bevat en voldoen aan die vereistes voorgeskryf by of kragtens die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet No. 25 van 1957), ten opsigte van die ander gegiste drank bedoel in daardie Wet of alkoholiese drank waarvan die verkoop deur 'n kennisgewing uitgereik kragtens artikel 7 (2) (a) (ii) van daardie Wet, toegelaat word; (xxxv)
- (iv) „Asiër” iemand wat tot 'n inboorlingras van Asië behoort, uitgesonderd—
 - (a) die ras wat gewoonlik Kaapse Maleiers genoem word;
 - (b) die Joodse of Siriese ras; of
 - (c) 'n ras, of tak van 'n ras, deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* van hierdie omskrywing uitgesluit; (i)
- (v) „Bantoe” iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaan, maar nie 'n Hottentot nie; (ii)
- (vi) „Bantoebier” Bantoebier soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Bantoebier, 1962 (Wet No. 63 van 1962); (iii)
- (vii) „beheersende belang”, by die toepassing van artikel 32, 74, 131 of 148, met betrekking tot 'n maatskappy—
 - (a) die meerderheid van sy aandele;
 - (b) aandele wat meer as die helfte van sy aandelekapitaal verteenwoordig;
 - (c) aandele ter waarde van meer as die helfte van die gesamentlike waarde van al sy aandele;
 - (d) aandele wat aan die houers daarvan die reg op meer as die helfte van sy winste of bates verleen;
 - (e) aandele wat aan die houers daarvan reg op 'n meerderheid of oorwig van stemme verleen;
 - (f) die mag om, regstreeks of onregstreeks, deur die besit van een of ander belang, hetsy dit van die aard bedoel in paragraue (a) tot en met (e) is, al dan nie, in 'n ander maatskappy, of op 'n ander wyse, enige beheer hoegenaamd oor die werkzaamhede of bates van die maatskappy uit te oefen; (xi)
- (viii) „beperkte gedeelte” 'n kroeg op 'n perseel ten opsigte waarvan 'n binneverbruiklisensie uitgereik is en waarin drankoor 'n toonbank bedien word, of 'n ander vertrek of gedeelte van die perseel wat in 'n besondere geval deur die bevoegde gesag bepaal kan word; (xl)
- (ix) „bevoegde gesag”—
 - (a) die Minister;
 - (b) die Raad;
 - (c) iemand wat op gesag van die Minister handel;
 - (d) die voorstitter;

- established under the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971); (xix)
- (ix) "Coloured" means a person who is not a white, an Asian or a Bantu, but not any member of a race or branch of a race mentioned in paragraph (b) or (c) of the definition of "Asian"; (xxv)
- (x) "competent authority" means—
- (a) the Minister;
 - (b) the Board;
 - (c) a person acting under the directions of the Minister;
 - (d) the chairman;
 - (e) a magistrate, additional magistrate or assistant magistrate; or
 - (f) a receiver of revenue, by whom the matter in question is to be dealt with in terms of this Act; (ix)
- (xi) "controlling interest" means, for the purposes of section 32, 74, 131 or 148, in relation to a company—
- (a) a majority of its shares;
 - (b) shares representing more than half its share capital;
 - (c) shares of a value in excess of half the aggregate value of all its shares;
 - (d) shares entitling the holders thereof to more than half its profits or assets;
 - (e) shares entitling the holders thereof to a majority or preponderance of votes;
 - (f) the power to exercise, directly or indirectly, by holding any interest, whether or not of the nature referred to in paragraphs (a) to (e) inclusive, in any other company, or otherwise, any control whatsoever over the activities or assets of the company; (vii)
- (xii) "deal directly with the public", in relation to a wholesale liquor licence, does not include the sale, supply or delivery of liquor by the licensee to—
- (a) any person *bona fide* employed by him in connection with the carrying on of the business to which the licence relates;
 - (b) any person referred to in item 602.01 of Schedule No. 6 to the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964); or
 - (c) any person who supplies grapes or wine in bulk to him for purposes of processing or blending; (xli)
- (xiii) "dependence-producing substance" means any substance declared to be such under section 172; (ii)
- (xiv) "designated police officer" means the commissioned police officer designated under section 174 and includes an inspector designated under section 173 in so far as he is required to perform the functions of such police officer; (i)
- (xv) "district" means a magisterial district; (xvi)
- (xvi) "Government" means any department of State or the Railways Administration; (xl)
- (xvii) "grant" means, in relation to a licence or an authority, the grant of an application for such licence or authority; (xlvi)
- (xviii) "Indian Council" means the South African Indian Council, established by the South African Indian Council Act, 1968 (Act No. 31 of 1968); (xxiii)
- (xix) "issue" means, in relation to a licence or an authority, the handing over or dispatch of such licence or authority to the person to whom such licence or authority has been granted, or to his agent, by the competent authority; (xlv)
- (xx) "licence" means a licence issued under this Act for the sale or supply of liquor; (xxviii)
- (xxi) "licensed premises" means the building or portion of a building in respect of which a licence or a special authority or an authority under section 24 (4) is held and indicated on the plan thereof approved under this Act

- (e) 'n landdros, addisionele landdros of assistent-landdros; of
- (f) 'n ontvanger van inkomste, na gelang deur wie met die betrokke aangeleentheid ingevolge hierdie Wet gehandel moet word; (x)
- (x) „bier” die alkoholiese vloeistof verkry deur gisting van 'n moutpap, met of sonder graan, waaraan deur hops smaak verleen is, ale, stout en 'n ander drank wat as of onder die naam van bier, ale of stout vervaardig of verkoop word, as dit meer alkohol bevat as twee persent van sy volume, maar nie ook Bantobier nie; (xxvii)
- (xi) „binneverbruiklisensie” 'n lisensie bedoel in artikel 22 (a) en 'n kantienlisensie; (xxxii)
- (xii) „blanke” iemand wat kragtens die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet No. 30 van 1950), as 'n blanke geklassifiseer is; (xliv)
- (xiii) „brandewyn”, by die toepassing van artikel 74, 131 of 148, 'n drank wat aan die vereistes voorgeskryf by die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet No. 25 van 1957), voldoen om as brandewyn verkoop te word; (v)
- (xiv) „brandspiritus”—
 - (a) spiritus gedenatureer volgens 'n geldende regulasie op die denaturering of metilisering van spiritus;
 - (b) 'n ander gedenatureerde, met medisyne gemengde, geparfumeerde of anders bewerkte spiritus wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* vir die doeleinnes van hierdie Wet as brandspiritus kan verklaar; (xxviii)
- (xv) „buiteverbruiklisensie” 'n lisensie bedoel in artikel 22 (b); (xxx)
- (xvi) „distrik” 'n landdrosdistrik; (xv)
- (xvii) „drank”—
 - (a) 'n spiritus (uitgesonderd brandspiritus), wyn, likeur, bier of hopbier;
 - (b) 'n drank wat meer alkohol bevat as twee persent van sy volume, uitgesonderd Bantobier;
 - (c) 'n drank, stof of brousel wat die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* kan verklaar om by hierdie omskrywing ingesluit te wees;
 - (d) 'n drank waarmee drank bedoel in paragraaf (a), (b) of (c) gemeng is;
 - (e) 'n lekker wat meer as twee persent alkohol volgens massa bevat; (xxiii)
- (xviii) „gelisensieerde perseel” die gebou of gedeelte van 'n gebou ten opsigte waarvan 'n lisensie of spesiale magtiging of 'n magtiging kragtens artikel 24 (4) gehou word en wat aangedui word op die plan daarvan wat kragtens hierdie Wet goedgekeur is en by die bevoegde gesag ingedien is, en ook die stoep, buitegeboue, agterplase, tuine of terreine wat by die gebou of gedeelte wat aldus aangedui word, hoort, maar nie ook die deel van die gebou of gedeelte en die ander plekke wat in 'n bepaalde geval uitdruklik deur die bevoegde gesag daarvan uitgesluit is nie; (xxi)
- (xix) „gesloten dae”—
 - (a) Sondae;
 - (b) Kersdag;
 - (c) Goeie Vrydag;
 - (d) Hemelvaartdag;
 - (e) Geloftedag;
 - (f) 'n stemdag vasgestel kragtens die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), of kragtens daardie Wet, gelees met die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964 (Wet No. 49 van 1964), of kragtens 'n wet wat die verkiesing van lede van die Indiëraad reël, indien die betrokke gelisensieerde perseel of die plek waar drank afgelewer gaan word, geleë is in 'n afdeling waarin 'n stemming gehou word of—

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

- and lodged with the competent authority, and includes such verandahs, outbuildings, yards, gardens or grounds appurtenant to such building or portion as are so indicated, but excludes such part of such building or portion and such other places as may in any particular case be specially excluded therefrom by the competent authority; (xviii)
- (xxii) "licensee" means the holder of a licence; (xxix)
- (xxiii) "liquor" means—
- (a) any spirit (excluding methylated spirit), wine, liqueur, malt liquor or hop beer;
 - (b) any drink containing more than two per cent by volume of alcohol, excluding Bantu beer;
 - (c) any drink, substance or concoction which the Minister may declare by notice in the *Gazette* to be included in this definition;
 - (d) any drink with which liquor referred to in paragraph (a), (b) or (c) has been mixed;
 - (e) any sweet containing more than two per cent of alcohol by mass; (xvii)
- (xxiv) "local authority" means an urban local authority or a divisional council; (xxxvi)
- (xxv) "lodger" means, in relation to any licensed premises, any person other than the licensee, the proprietor or the manager of the business to which the licence relates or the spouse or other member of the family of such licensee, proprietor or manager, or any other person employed in connection with the carrying on of the business to which the licence relates and who *bona fide* lives or sleeps upon such licensed premises; (xxx)
- (xxvi) "magistrate" means the magistrate of the district in which the licensed premises or the premises in respect of which an authority is issued under this Act, are or will be situate, and "additional magistrate" or "assistant magistrate" has a corresponding meaning; (xxvii)
- (xxvii) "malt liquor" means the alcoholic liquid obtained by the fermentation of a mash of malt, with or without cereals, flavoured with hops, or ale, stout and any other liquor made or sold as or under the name of beer, ale or stout, if it contains more than two per cent by volume of alcohol, but does not include Bantu beer; (x)
- (xxviii) "methylated spirit" means—
- (a) spirit denatured in accordance with any regulation in force for the time being for the denaturation or methylation of spirit;
 - (b) any other denatured, medicated, perfumed or otherwise treated spirit which the Minister may by notice in the *Gazette* declare to be methylated spirit for the purposes of this Act; (xiv)
- (xxix) "Minister" means the Minister of Justice; (xxx)
- (xxx) "non-white" means any Asian, Coloured or Bantu; (xxxii)
- (xxxii) "off-consumption licence" means a licence referred to in section 22 (b); (xv)
- (xxxii) "on-consumption licence" means a licence referred to in section 22 (a) and a bar licence; (xi)
- (xxxiii) "open days" means all days of the year except closed days; (xxxiii)
- (xxxiv) "ordinary meal" means a *bona fide* lunch or dinner actually supplied and for which a price of not less than one rand on any portion of any licensed premises restricted to white persons or to white persons and persons who are not white persons, and thirty-five cents on any portion thereof restricted to non-whites, is actually paid or *bona fide* to be paid; (xx)
- (xxxv) "other fermented beverage" means any beverage produced or manufactured from fruit, other than grapes, containing more than two per cent by volume of alcohol

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

- (i) in die geval van 'n algemene verkiesing gehou ingevolge 'n ontbinding van die Volksraad, 'n provinsiale raad, die Verteenwoordigende Kleurlingraad of die Indiërraad, nie verder as dertig kilometer; of
- (ii) in die geval van 'n ander verkiesing gehou kragtens bedoelde Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946, of bedoelde Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964, of 'n wet wat die verkiesing van lede van die Indiërraad reël, nie verder as vyf kilometer, met die kortste bruikbare openbare pad van 'n stemburo waar 'n stem in verband met daardie verkiesing uitgebring kan word, geleë is nie;
- (g) met betrekking tot 'n besondere perseel waar drank verkoop word, 'n ander dag waarop daardie perseel gesluit moet word kragtens hierdie Wet of 'n ander wet,
- maar nie 'n stendag vasgestel kragtens 'n wet betreffende die verkiesing van verkoose lede van 'n wetgewende vergadering van 'n selfregerende gebied ingestel kragtens die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet No. 21 van 1971), nie; (viii)
- (xx) „gewone maaltyd” 'n *bona fide*-middag- of aandete wat werklik verskaf is en waarvoor 'n prys van minstens een rand op enige gedeelte van 'n gelisensieerde perseel wat tot blankes of tot blankes en persone wat nie blankes is nie, beperk is en vyf-en-dertig sent op enige gedeelte daarvan wat tot Nieblankes beperk is, werklik betaal word of te goeder trou betaal moet word; (xxxiv)
- (xxi) „groothandelaar”, by die toepassing van die omskrywing van „produsent” in artikel 74, 131 of 148, iemand wat gedurende die verstreke gedeelte van enige jaar (soos omskryf in artikel 14 van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970 (Wet No. 47 van 1970)), of gedurende die onmiddellik voorafgaande jaar (soos aldus omskryf) 'n hoeveelheid wyn van 'n besondere wynoos, wat 'n groothandelshoeveelheid is volgens die omskrywing, *mutatis mutandis*, van „groothandelshoeveelheid” in genoemde artikel (bepaal met verwysing na 1 November 1940), of 'n met so 'n hoeveelheid gelykstaande hoeveelheid spiritus gekoop het; (1)
- (xxii) „hierdie Wet” ook die regulasies daarkragtens uitgevaardig; (xlv)
- (xxiii) „Indiërraad” die Suid-Afrikaanse Indiërraad, ingestel by die Wet op die Suid-Afrikaanse Indiërraad, 1968 (Wet No. 31 van 1968); (xviii)
- (xxiv) „klas”, met betrekking tot persone, 'n aantal persone met 'n gemeenskaplike kenmerk betreffende ras, geslag, maatskaplike onderskeiding of andersins; (vii)
- (xxv) „Kleurling” iemand wat nie 'n blanke, Asiër of Bantoe is nie, maar nie 'n lid van 'n ras of tak van 'n ras vermeld in paragraaf (b) of (c) van die omskrywing van „Asiër” nie; (ix)
- (xxvi) „koopverpligting” 'n ooreenkoms, verstandhouding of voorwaarde waarvolgens iemand direk of indirek verbind is om te eniger tyd—
- (a) drank, hetsy saam met 'n ander artikel, al dan nie, van of deur bemiddeling van 'n persoon, hetsy met uitsluiting geheel of gedeeltelik van 'n ander persoon, al dan nie, te koop;
- (b) drank wat deur 'n bepaalde produsent, vervaardiger of bierbrouer geproduseer, vervaardig of gebrou is, te koop of in voorraad te hou;
- (c) nie drank van of deur bemiddeling van 'n bepaalde persoon te koop nie; of
- (d) nie drank wat deur 'n bepaalde produsent, vervaardiger of bierbrouer geproduseer, vervaardig of gebrou is, te koop of in voorraad te hou nie; (xlvi)
- (xxvii) „landdros” die landdros van die distrik waarin die gelisensieerde perseel of die perseel ten opsigte waarvan

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

- and complying with the requirements prescribed by or under the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act No. 25 of 1957), in respect of other fermented beverages referred to in that Act, or any alcoholic beverage the sale of which is permitted by a notice issued under section 7 (2) (a) (ii) of that Act; (iii)
- (xxxvi) "parliamentary voter" means any person who may under the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), vote at an election for members of the House of Assembly; (xxxiv)
- (xxxvii) "premises", for the purposes of a wine and malt liquor licence, includes any boat which is lawfully operated on any lake, lagoon, dam or river and "licensed premises" includes, for such purposes, such boat; (xxxv)
- (xxxviii) "prescribed" means prescribed under this Act; (xlx)
- (xxxix) "producer" means, for the purposes of section 32, 74, 131 or 148, a co-operative society as defined in section 1 of the Wine and Spirit Control Act, 1970 (Act No. 47 of 1970), which produces or manufactures wine or brandy for sale, or a wholesale trader who so produces or manufactures wine or brandy; (xxxviii)
- (xl) "restricted portion" means any bar on any premises in respect of which an on-consumption licence has been issued and in which liquor is served over a counter, or any other room or portion of such premises as may in any particular case be determined by the competent authority; (viii)
- (xli) "rural area" means any area outside the limits of an urban area; (xxxvii)
- (xlii) "sell" includes keep, expose, deliver, supply or dispose of for sale, or authorizing, directing or allowing sale, or barter or exchange or possess for purposes of sale; (xlvi)
- (xliii) "special authority" means a special authority under section 23; (xlvi)
- (xliv) "supply" means, in relation to the supply of any liquor or thing, to place any person in possession or control of the liquor or thing for his own use; (xlviii)
- (xlv) "this Act" includes any regulation made thereunder; (xxii)
- (xlvi) "tie" means any agreement, understanding or condition whereby any person is directly or indirectly bound at any time—
- (a) to purchase liquor, whether or not in conjunction with any other article, from or through any person, whether to the exclusion in whole or in part of any other person or not;
 - (b) to purchase or keep in stock liquor produced, manufactured or brewed by any particular producer, manufacturer or brewer;
 - (c) not to purchase liquor from or through any particular person; or
 - (d) not to purchase or keep in stock any liquor produced, manufactured or brewed by any particular producer, manufacturer or brewer; (xxvi)
- (xlvii) "urban area" means an area under the jurisdiction of an urban local authority; (xlvi)
- (xlviii) "urban local authority" means any municipal council, borough council, town council, village council, town board, village management board, local board, health board or health committee, or the Local Health Commission (Public Health Areas Control) Ordinance, 1941 (Ordinance No. 20 of 1941) of Natal, or any local area committee established under the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943), of the Transvaal; (xliv)

- 'n magtiging kragtens hierdie Wet uitgereik is, geleë is of sal wees, en „addisionele landdros” of „assistent-landdros” het 'n ooreenstemmende betekenis; (xxvi)
- (xxviii) „lensie” 'n lensie kragtens hierdie Wet uitgereik vir die verkoop of verskaffing van drank; (xx)
- (xxix) „lensiehouer” die houer van 'n lensie; (xxii)
- (xxx) „loseerde”, met betrekking tot 'n gelensieerde perseel, iemand anders as die lensiehouer, eienaar of bestuurder van die saak waarop die lensie betrekking het, of die gade of ander lid van die gesin van die lensiehouer, eienaar of bestuurder, of iemand anders wat in verband met die doen van die sake waarop die lensie betrekking het, in diens is en wat te goeder trou op die gelensieerde perseel woon of slaap; (xxv)
- (xxxi) „Minister” die Minister van Justisie; (xxix)
- (xxxii) „Nieblanke” 'n Asiér, Kleurling of Bantoe; (xxx)
- (xxxiii) „oop dae” alle dae van die jaar behalwe geslotte dae; (xxxiii)
- (xxxiv) „parlementêre kieser” 'n persoon wat kragtens die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), by 'n verkiesing van lede van die Volksraad kan stem; (xxxvi)
- (xxxv) „perseel”, vir die doeinde van 'n wyn-en-bierlisensie, ook 'n boot wat wettiglik op 'n meer, lagune, dam of rivier gebruik word en „gelensieerde perseel”, vir dié doeinde, ook bedoelde boot; (xxxvii)
- (xxxvi) „plaaslike bestuur” 'n stedelike plaaslike bestuur of 'n afdelingsraad; (xxiv)
- (xxxvii) „platteland” 'n gebied buite die grense van 'n stadsgebied; (xli)
- (xxxviii) „produsent”, by die toepassing van artikel 32, 74, 131 of 148, 'n koöperatiewe vereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritus, 1970 (Wet No. 47 van 1970), wat wyn of brandewyn vir verkoop produseer of vervaardig, of 'n groothandelaar wat wyn of brandewyn aldus produseer of vervaardig; (xxxix)
- (xxxix) „Raad” die Drankraad bedoel in artikel 2; (iv)
- (xl) „Regering” 'n Staatsdepartement of die Spoerwegadministrasie; (xvi)
- (xli) „regstreeks met die publiek handel dryf”, met betrekking tot 'n groothandelaars-dranksensie, nie ook die verkoop, verskaffing of lewering van drank deur die lensiehouer nie aan—
- (a) iemand wat *bona fide* by hom in diens is in verband met die doen van sake waarop die lensie betrekking het;
 - (b) iemand bedoel in item 602.01 van Bylae No. 6 by die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964); of
 - (c) iemand wat druiwe of wyn in groot maat aan hom verskaf vir verwerking of versnyding; (xii)
- (xlii) „spesiale magtiging” 'n spesiale magtiging kragtens artikel 23; (xliii)
- (xliii) „stadsgebied” 'n gebied onder die beheer van 'n stedelike plaaslike bestuur; (xlvi)
- (xlv) „stedelike plaaslike bestuur” 'n munisipale raad, stadsraad, dorpsraad, dorpsbestuursraad, plaaslike raad, gesondheidraad of gesondheidskomitee of die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid ingestel kragtens die Ordonnansie op die Kommissie vir Plaaslike Gesondheid (Beheer oor Openbare Gesondheidsgebiede), 1941 (Ordonnansie No. 20 van 1941) van Natal, of 'n plaaslike gebiedskomitee ingestel kragtens die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943) van Transvaal; (xlviii)
- (xlv) „uitreik”, met betrekking tot 'n lensie of magtiging, die oorhandiging of versending van die lensie of magtiging aan die persoon aan wie die lensie of magtiging verleen is, of aan sy verteenwoordiger, deur die bevoegde gesag; (xix)

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

- (xlix) "white" means any person classified as a white person under the Population Registration Act, 1950 (Act No. 30 of 1950); (xlii)
- (i) "wholesale trader" means, for the purposes of the definition of "producer" in section 74, 131 or 148, any person who has during the expired portion of any year (as defined in section 14 of the Wine and Spirit Control Act, 1970 (Act No. 47 of 1970)), or during the immediately preceding year (as so defined) purchased a quantity of wine of any one vintage which is a wholesale quantity in terms *mutatis mutandis* of the definition of "wholesale quantity" in the said section (determined with reference to 1 November 1940), or the equivalent of such quantity of wine in spirit; (xxi)
- (ii) "wine" means, for the purposes of section 74, 131 or 148, a liquor which complies with the requirements prescribed in the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act No. 25 of 1957), to be sold as wine. (ii)

CHAPTER I

THE LIQUOR BOARD

Continued existence of National Liquor Board under the name Liquor Board.

Functions of Board.

2. The National Liquor Board shall, notwithstanding the provisions of section 212, continue to exist under the name the Liquor Board.

3. The Board shall—

- (a) advise the State President or the Minister, as the case may be, as to any matter arising out of the application of this Act or the general distribution of liquor and referred to it;
- (b) perform such other functions as may be entrusted to it under this Act.

Constitution of Board.

4. (1) The Board shall consist of—

- (a) two officers in the Department of Justice nominated by the Minister, the one as the chairman and the other as the deputy chairman, and one such officer so nominated as alternative to the officer who is the deputy chairman;
- (b) the Commissioner of the South African Police or a person nominated by him; and
- (c) three other members appointed by the State President for a period of two years.

(2) Retiring members of the Board shall be eligible for re-appointment.

(3) Whenever the office of any member appointed under subsection (1) (c) for any reason becomes vacant before the expiration of the period for which he has been appointed, the State President may appoint any other person in his stead for the unexpired portion of his period of office.

(4) Three members of the Board shall form a quorum.

(5) If the chairman is absent or recuses himself from the hearing or consideration of any matter, the deputy chairman shall act as chairman.

(6) If the chairman and deputy chairman are absent from any meeting of the Board, the Minister shall appoint one of the members present thereto to act as chairman at such meeting.

(7) The decision of a majority of the members of the Board present at any meeting thereof, shall be the decision of the Board.

(8) In the event of an equality of votes on any matter before a meeting of the Board, the person presiding at such meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(9) (a) If the Board is of the opinion that any particular person is able to assist the Board in the hearing or consideration of any particular matter before the Board, it may co-opt such person for that purpose.

- (xlvi) „verkoop” ook aanhou, uitstal, aflewer, verskaf of van die hand sit om te verkoop, of magtiging, opdrag of toelating van 'n verkoop, of verruil, of die besit om te verkoop; (xlii)
- (xlvii) „verleen”, met betrekking tot 'n licensie of magtiging, die toestaan van 'n aansoek om die licensie of magtiging; (xvii)
- (xlviii) „verskaf”, met betrekking tot die verskaffing van drank of 'n voorwerp, om 'n persoon in besit of beheer van die drank of voorwerp te stel vir sy eie gebruik; (xiv)
- (xlix) „voorgeskrewe” by hierdie Wet voorgeskrewe; (xxxviii)
 - (I) „voorsitter” die voorsitter van die Raad; (vi)
 - (ii) „wyn”, by die toepassing van artikel 74, 131 of 148, 'n drank wat aan die vereistes voorgeskryf by die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet No. 25 van 1957), voldoen om as wyn verkoop te word.
 - (li)

HOOFSTUK I

DIE DRANKRAAD

2. Die Nasionale Drankraad bly, ondanks die bepalings van artikel 212, voortbestaan onder die naam die Drankraad.

Voortbestaan van Nasionale Drankraad onder naam Drankraad.

3. Die Raad moet—

Werksaamhede van Raad.

- (a) die Staatspresident of die Minister, na gelang van die geval, van advies dien betreffende 'n aangeleentheid wat ontstaan uit die toepassing van hierdie Wet of die algemene verspreiding van drank en na hom verwys word;
- (b) die ander werksaamhede verrig wat kragtens hierdie Wet aan hom opgedra word.

4. (1) Die Raad bestaan uit—

Samestelling van Raad.

- (a) twee beampes in die Departement van Justisie deur die Minister benoem, die een as die voorsitter en die ander as die ondervoorsitter, en een bedoelde beampete aldus benoem as plaasvervanger vir die beampete wat die ondervoorsitter is;
- (b) die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie of iemand deur hom benoem; en
- (c) drie ander lede deur die Staatspresident aangestel vir 'n tydperk van twee jaar.

(2) Uittredende lede van die Raad kan weer aangestel word.

(3) Wanneer die amp van 'n lid wat kragtens subartikel (1) (c) aangestel is, om enige rede vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, kan die Staatspresident iemand anders in sy plek aanstel vir die onverstreke gedeelte van sy ampstermy.

(4) Drie lede van die Raad is 'n kworum.

(5) Indien die voorsitter afwesig is of hom ontrek aan die aanhoor of oorweging van 'n aangeleentheid, tree die ondervoorsitter as voorsitter op.

(6) Indien die voorsitter en ondervoorsitter van 'n vergadering van die Raad afwesig is, stel die Minister een van die lede wat daarop aanwesig is, aan om op daardie vergadering as voorsitter op te tree.

(7) Die besluit van 'n meerderheid van die lede van die Raad wat op 'n vergadering daarvan aanwesig is, is die besluit van die Raad.

(8) By 'n staking van stemme oor 'n aangeleentheid voor 'n vergadering van die Raad, het die persoon wat op daardie vergadering voorsit, 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem.

(9) (a) Indien die Raad van oordeel is dat 'n bepaalde persoon in staat is om die Raad behulpsaam te wees by die aanhoor of oorweging van 'n besondere aangeleentheid wat voor die Raad dien, kan hy daardie persoon vir daardie doel koöpteer.

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

Disqualification of members of Board.

(b) The person referred to in paragraph (a) shall have no vote on any matter before the Board.

(10) The members appointed under subsection (1) (c) and any person co-opted under subsection (9), shall receive such allowances to meet the reasonable expenses to which they are put in connection with the business of the Board as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine.

Secretariat of Board.

5. (1) A member of the Board shall not take part in the consideration of any application which the Board is, in terms of this Act, required to consider, if he or his spouse or child—

- (a) is an owner, mortgagee, lessor or lessee of the premises in respect of which such application is made;
- (b) is a partner, agent, director, manager, officer or employee of the applicant or of any objector to or of any person who has made representations in support of such application;
- (c) has a direct financial interest in the business in respect of which application is made.

(2) The provisions of subsection (1) shall *mutatis mutandis* apply in respect of any other matter which the Board is required to consider in terms of this Act.

Legal proceedings by or against Board or members thereof.

6. The chairman may designate one or more officers in the Department of Justice to perform the secretarial duties of the Board.

7. (1) (a) In any legal proceedings instituted against the Board or the chairman thereof in its or his official capacity, service of any process on the chairman and on the State Attorney at Pretoria shall, subject to the provisions of subsection (2), be sufficient service on the Board or the chairman, as the case may be.

- (b) No action shall be taken by the Board or the chairman in its or his official capacity in any such legal proceedings and no legal proceedings shall be instituted by the Board or the chairman in such capacity, except through the State Attorney.

(2) Unless the court in question otherwise authorizes, the time to be allowed, in the case of a summons issued in any legal proceedings referred to in subsection (1), for entering an appearance shall be not less than one month after service thereof and, in the case of an application in any such legal proceedings, for the hearing of the application or for the return of a rule *nisi*, not less than fourteen days after service of the notice of motion or of the rule *nisi*, as the case may be.

(3) The cost incurred by the chairman or members of the Board in connection with legal proceedings instituted by or against them in their official capacity shall, unless the court before which the proceedings are taken, orders the costs to be borne by the opposite party or by the chairman or said members *de bonis propriis*, be paid out of the State Revenue Fund.

Annual reports of Board.

8. The Board shall as soon as possible after 1 January in each year, submit a report to the Minister on its work during the preceding calendar year.

CHAPTER II

MEETINGS OF THE BOARD

Annual meetings of Board.

9. (1) The Board shall meet annually during each of the under-mentioned periods on such dates and at such places as may be determined by the chairman for the consideration of—

- (a) applications for licences under section 37;
- (b) applications for special authorities;
- (c) applications under section 54 (2) (a); and
- (d) any other matter which the Board is under this Act authorized or required to consider,

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

(b) Die persoon bedoel in paragraaf (a) het geen stem oor enige aangeleentheid voor die Raad nie.

(10) Die lede wat kragtens subartikel (1) (c) aangestel en iemand wat kragtens subartikel (9) gekoöpteer is, ontvang die toelaes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal, ter dekking van die redelike uitgawes wat hulle aangaan in verband met die sake van die Raad.

5. (1) 'n Lid van die Raad mag nie deelneem aan die oorweging van 'n aansoek wat die Raad ingevolge hierdie Wet moet oorweeg nie, indien hy of sy gade of kind—

(a) 'n eienaar, verbandhouer, verhuurder of huurder is van die perseel ten opsigte waarvan aansoek gedoen word;

(b) 'n vennoot, verteenwoordiger, direkteur, bestuurder, beampie of werknemer is van die aansoeker of van 'n beswaarmaker teen of van iemand wat vertoë gerig het ter ondersteuning van die aansoek;

(c) 'n regstreekse geldelike belang het in die saak ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van 'n ander aangeleentheid wat die Raad ingevolge hierdie Wet moet oorweeg.

6. Die voorsitter kan een of meer beampies in die Departement van Justisie aanwys om die sekretariële pligte van die Raad te verrig.

7. (1) (a) In 'n regsgeding ingestel teen die Raad of die voorsitter daarvan in sy ampelike hoedanigheid, is betekening van prosesstukke aan die voorsitter en aan die Staatsprokureur in Pretoria, behoudens die bepalings van subartikel (2), genoegsame betekening aan die Raad of die voorsitter, na gelang van die geval.

(b) Stappe word nie in so 'n regsgeding deur die Raad of die voorsitter in sy ampelike hoedanigheid gedoen nie en 'n regsgeding word nie deur die Raad of die voorsitter in daardie hoedanigheid ingestel nie, behalwe deur bemiddeling van die Staatsprokureur.

(2) Tensy die betrokkehof anders magtig, is die toelaatbare termyn, in die geval van 'n dagvaarding uitgereik in 'n regsgeding bedoel in subartikel (1), vir die aantekening van verskyning minstens een maand na betekening daarvan en, in die geval van 'n aansoek in so 'n regsgeding, vir die verhoor van die aansoek of vir die keerdatum van 'n bevel *nisi*, minstens veertien dae na die betekening van die kennisgewing van mosie of bevel *nisi*, na gelang van die geval.

(3) Die koste aangegaan deur die voorsitter of lede van die Raad in verband met 'n regsgeding deur of teen hulle in hul ampelike hoedanigheid ingestel, word uit die Staatsinkomstefonds betaal tensy die hof waarin die geding aanhangig is, gelas dat die koste deur die teenparty of deur die voorsitter of genoemde lede *de bonis propriis* gedra moet word.

8. So spoedig moontlik na 1 Januarie in elke jaar lê die Raad 'n verslag van sy werkzaamhede gedurende die voorafgaande kalenderjaar aan die Minister voor.

HOOFTUK II

VERGADERINGS VAN DIE RAAD

9. (1) Die Raad vergader jaarliks gedurende elk van die Jaarlike vergaderings ondervermelde tydperke op die datums en plekke wat die voorsitter bepaal ter oorweging van—

(a) aansoeke om lisensiess kragtens artikel 37;

(b) aansoeke om spesiale magtigings;

(c) aansoeke kragtens artikel 54 (2) (a); en

(d) enige ander aangeleentheid wat die Raad kragtens hierdie Wet kan of moet oorweeg,

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

emanating from the province indicated opposite the relevant period:

<i>Period</i>	<i>Province</i>
January and February	The Cape of Good Hope
March and April	The Orange Free State
June and July	Natal
August and September	The Transvaal:

Provided that any such meeting may, if the Board is of the opinion that circumstances warrant it, be adjourned and resumed at such place and on such date as it may in its discretion determine.

(2) The chairman or a person acting under the directions of the chairman shall not less than thirty days before any such annual meeting, give notice thereof in the prescribed form in the *Gazette*, stating the date, time and place thereof.

Special meetings of Board.

10. (1) (a) The chairman may on application made in the prescribed manner, convene a special meeting of the Board for the consideration of any application lodged with a magistrate for—

(i) a licence under section 37;

(ii) a special authority; or

(iii) an authority under section 54 (2) (a).

(b) Any meeting referred to in paragraph (a) shall be held at such place and on such date as the chairman may determine and may, if the Board is of the opinion that circumstances warrant it, be adjourned and resumed at such place and on such date as the Board may in its discretion determine.

(c) If an application is granted under paragraph (a) for the holding of a special meeting, the applicant shall give notice in the prescribed manner of such meeting, the place and date thereof and the matter to be dealt with thereat.

(2) The Board shall, at any such meeting, have power to deal with any application referred to in subsection (1) (a) as if it were an application being dealt with at an annual meeting.

(3) (a) A special meeting of the Board may be held at any time upon the order made under section 20 (2) or otherwise, by a competent division of the Supreme Court: Provided that such division shall not have power to order the holding of such a special meeting if the chairman has in terms of subsection (1) (a) refused to convene such a meeting.

(b) Unless such a court otherwise directs, the provisions of subsection (2) shall apply *mutatis mutandis* in relation to any matter dealt with at such meeting in terms of any order made as contemplated in paragraph (a).

(c) Unless such a court otherwise directs, notice of such meeting shall be given as provided in subsection (1) (c).

Interim meetings of Board.

11. (1) Subject to the provisions of this Act, an interim meeting of the Board may at any time be convened by the chairman for the consideration of—

(a) any application made to the chairman in terms of this Act and which he in his discretion refers to such meeting for consideration by the Board;

(b) any report submitted to the chairman by a designated police officer under section 175 or 176;

(c) any request referred to in section 48;

(d) any application made by a licensee or the holder of a special authority whose licence or authority or of whom any right or privilege pertaining to such licence or authority has been cancelled or suspended pursuant to a report referred to in section 175 or 176, for the restoration of such licence, authority, right or privilege on the ground thereof that any conviction which gave rise to such cancellation or suspension has been set aside

afkomstig uit die provinsie aangedui teenoor die tersaaklike tydperk:

Tydperk	Provinsie
Januarie en Februarie	Die Kaap die Goeie Hoop

Maart en April Die Oranje-Vrystaat

Junie en Julie Natal

Augustus en September Transvaal:

Met dien verstande dat so 'n vergadering, indien die Raad van oordeel is dat omstandighede dit regverdig, verdaag en hervat kan word op 'n plek en datum wat hy na goeddunke bepaal.

(2) Die voorsitter of iemand wat op gesag van die voorsitter handel, moet minstens dertig dae voor 'n jaarlikse vergadering, kennis daarvan in die voorgeskrewe vorm in die *Staatskoerant* gee, met vermelding van die datum, tyd en plek daarvan.

10. (1) (a) Die voorsitter kan op aansoek op die voorgeskrewe Spesiale vergaderings wyse gedoen, 'n spesiale vergadering van die Raad van Raad.

belê vir die oorweging van 'n aansoek wat by 'n landdros ingedien is om—

- (i) 'n lisensie kragtens artikel 37;
- (ii) 'n spesiale magtiging; of
- (iii) 'n magtiging kragtens artikel 54 (2) (a).

(b) 'n Vergadering bedoel in paragraaf (a) word gehou op 'n plek en datum wat die voorsitter bepaal en kan, indien die Raad van oordeel is dat omstandighede dit regverdig, verdaag en hervat word op die plek en datum wat die Raad na goeddunke bepaal.

(c) Indien 'n aansoek om die hou van 'n spesiale vergadering kragtens paragraaf (a) toegestaan word, moet die aansoeker kennis op die voorgeskrewe wyse gee van die vergadering, die plek en datum daarvan en die aangeleentheid wat daarop behandel sal word.

(2) Die Raad is bevoeg om op so 'n vergadering met 'n aansoek bedoel in subartikel (1) (a) te handel asof dit 'n aansoek is waarmee op 'n jaarlikse vergadering gehandel word.

(3) (a) 'n Spesiale vergadering van die Raad kan te eniger tyd gehou word ingevolge 'n bevel deur 'n bevoegde afdeling van die Hooggereghof kragtens artikel 20 (2) of andersins: Met dien verstande dat so 'n afdeling nie bevoeg is om die hou van so 'n spesiale vergadering te gelas nie, indien die voorsitter ingevolge subartikel (1) (a) geweier het om so 'n vergadering te belê.

(b) Tensy so 'n hof anders gelas, is die bepalings van subartikel (2) *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aangeleentheid waarmee op die vergadering gehandel word ooreenkomsdig 'n bevel verleen soos in paragraaf (a) beoog.

(c) Tensy so 'n hof anders gelas, moet kennis van die vergadering gegee word soos in subartikel (1) (c) bepaal.

11. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan 'n Tussentydse vergadering van die Raad te eniger tyd deur die voorsitter belê word vir die oorweging van—

81. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n geleenheidslisensie dat drank daarkragtens verkoop of verskaf word slegs aan iemand wat te goeder trou die byeenkoms, ten opsigte waarvan die lisensie verleen is, bywoon.

Besondere voorwaarde betreffende verskaffing van drank aan sekere persone.

82. Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag 'n geleenheidslisensie nie die verkoop of verskaffing van drank magtig nie, behalwe op die een dag wat in die lisensie vermeld word, of op enige ander tye as tussen die sluitingsuur van die perseel ten opsigte waarvan die geleenheidslisensie verleen is, en die uur, wat nie later is nie as 02h00 van die volgende dag, wat nie 'n geslotte dag is nie, wat die gesag wat die lisensie verleen, bepaal.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

83. (1) 'n Geleenheidslisensie kan slegs verleen word ten opsigte van 'n perseel ten opsigte waarvan—

Persele ten opsigte waarvan geleenheidslisensies verleen kan word.

(a) 'n hoteldranklisensie, kantienlisensie, klubdranklisensie, restaurante-dranklisensie of wyn-en-bierlisensie gehou word; of

(b) 'n spesiale magtiging vir die verkoop van drank vir gebruik op die perseel omskryf in die magtiging, gehou word,
en dit tot bevrediging van die landdros, by wie aansoek om die lisensie gedoen word, bewys word dat by die geleenheid

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

the licence is sought a *bona fide* social function is to be held upon such premises.

(2) An occasional licence shall not be issued in respect of any particular premises more than three times in a calendar week.

(b) Hotel liquor licences

Limitation of liability
of holders of hotel
liquor licenses
in respect of
property of
customers.

84. (1) No holder of an hotel liquor licence shall be liable to compensate any person in respect of any loss of or injury to the property of such person, sustained while such person was a lodger on the licensed premises of such licensee, in any greater amount than the sum of one hundred rand, unless—

- (a) the loss or injury is proved to have been caused by the wilful act, or as a result of the default or negligence of, the licensee or of any person in his employ; or
- (b) the loss or injury was sustained while the property was deposited with the licensee or a person expressly or impliedly authorized by the licensee to receive such deposit; or
- (c) the licensee refused, except in the circumstances contemplated in subsection (2), to receive the property offered for deposit, or failed to make adequate provision whereby the property may be deposited with him; or
- (d) the licensee failed to comply with the requirements of subsection (3).

(2) The holder of an hotel liquor licence to whom any property is offered for deposit by any person lodging or about to lodge on the licensed premises may require that the property shall be contained in a suitable receptacle closed and sealed by the depositor, and any refusal by such licensee to accept property for deposit based upon a failure of such person to comply with such requirement shall not deprive such licensee of the benefits of the limitation of liability in respect of loss of or injury to such property conferred by subsection (1).

(3) The holder of an hotel liquor licence shall exhibit a reproduction of subsections (1) and (2) in both official languages in a conspicuous place at the reception counter of the licensed premises and in such manner that it may readily be seen and easily read by any person proposing to lodge on such premises.

(4) The provisions of this section shall not affect the operation of the common law in so far as the liability of the licensee up to the amount of one hundred rand is concerned.

(5) The provisions of this section shall *mutatis mutandis* apply in connection with any lodging-house keeper.

Days and hours of
sale and supply of
liquor.

85. (1) Subject to the provisions of this Act, the holder of an hotel liquor licence shall not sell or supply liquor earlier than 10h00 or later than 23h30: Provided that if a condition has been determined under section 54 (1) (b) (i) in respect of the sale or supply of liquor to any particular class of persons under an hotel liquor licence in respect of premises situate in an area declared under the Group Areas Act, 1966 (Act No. 36 of 1966), an area for the occupation by members of the white group, liquor shall be sold and supplied by the holder of such licence to the particular class of persons concerned only during such hours (being not earlier than 10h00 or later than 23h30) as the Minister may, on the recommendation of the Board, made after enquiry in terms of section 18, determine.

(2) The holder of an hotel liquor licence may, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, sell or supply liquor on any closed day between 12h00 and 14h30 and between 18h00 and 21h00, to any person *bona fide* taking or about to take an ordinary meal on the licensed premises which has been purchased thereat and for consumption with or immediately before or after such meal in a room or place other than a restricted portion of the licensed premises.

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

waarvoor die lisensie aangevra word, 'n *bona fide*-gesellige byeenkoms op bedoelde perseel sal plaasvind.

(2) 'n Geleenheidslisensie word nie meer as drie maal per kalenderweek ten opsigte van dieselfde perseel uitgereik nie.

(b) *Hoteldranklisensies*

84. (1) 'n Houer van 'n hoteldranklisensie is nie verplig om iemand skadeloos te stel tot 'n bedrag van meer as honderd rand weens 'n verlies of beskadiging van so iemand se eiendom terwyl hy 'n loseerde op die gelisensieerde perseel van die lisensiehouer was nie, tensy—

Beperking van aanspreeklikheid van houers van hoteldranklisensies ten opsigte van eiendom van gaste.

- (a) bewys word dat die verlies of skade veroorsaak is deur 'n opsetlike daad of ten gevolge van die versuim of nalatigheid van die lisensiehouer of van iemand in sy diens; of
- (b) die verlies of skade gely is terwyl die eiendom in die bewaring van die lisensiehouer was of van iemand wat deur die lisensiehouer uitdruklik of stilswyend gemagtig was om die bewaring te aanvaar; of
- (c) die lisensiehouer geweier het, behalwe in die omstandighede beoog in subartikel (2), om die eiendom wat vir bewaring aangebied is, te ontvang of versuim het om voldoende voorsiening te maak dat die eiendom by hom in bewaring gegee kan word; of
- (d) die lisensiehouer versuim het om aan die vereistes van subartikel (3) te voldoen.

(2) Die houer van 'n hoteldranklisensie aan wie iemand wat op die gelisensieerde perseel loseer of op die punt staan om daarop te gaanloseer, eiendom vir bewaring aambied, kan eis dat die eiendom vervat moet wees in 'n gesikte houer, deur die bewaargewer toegemaak en verseël, en 'n weiering van daardie lisensiehouer om eiendom in bewaring te neem op grond daarvan dat die betrokke persoon versuim het om aan daardie eis te voldoen, ontnem die lisensiehouer nie die voordeel verleen deur subartikel (1) van beperking van aanspreeklikheid weens verlies of beskadiging van bedoelde eiendom nie.

(3) Die houer van 'n hoteldranklisensie moet 'n weergawe van subartikels (1) en (2) in albei amptelike tale op 'n in die oog lopende plek by die ontvangstoonbank van die gelisensieerde perseel vertoon, en wel op so 'n wyse dat dit dadelik gesien en maklik gelees kan word deur enige wat van plan is om op daardie perseel te loseer.

(4) Die bepalings van hierdie artikel maak nie inbreuk nie op die toepassing van die gemene reg vir sover die aanspreeklikheid van die lisensiehouer tot die bedrag van honderd rand betrokke is.

(5) Die bepalings van hierdie artikel is *mutatis mutandis* op losieshuishouers van toepassing.

85. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag die houer van 'n hoteldranklisensie nie vroeër as 10h00 of later as 23h30 drank verkoop of verskaf nie: Met dien verstande dat indien 'n voorwaarde kragtens artikel 54 (1) (b) (i) bepaal is ten opsigte van die verkoop of verskaffing van drank aan 'n bepaalde klas persone kragtens 'n hoteldranklisensie ten opsigte van 'n perseel geleë in 'n gebied wat kragtens die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet No. 36 van 1966), 'n gebied vir okkupasie deur lede van die blanke groep verklaar is, drank deur die houer van bedoelde lisensie aan die betrokke bepaalde klas persone verkoop en verskaf word slegs gedurende die tye (wat nie vroeër as 10h00 of later as 23h30 is nie) wat die Minister, op aanbeveling van die Raad, gedoen na ondersoek ingevolge artikel 18, bepaal.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

(2) Die houer van 'n hoteldranklisensie kan, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, drank verkoop of verskaf op 'n geslote dag tussen 12h00 en 14h30 en tussen 18h00 en 21h00, aan iemand wat *bona fide* op die gelisensieerde perseel 'n gewone maaltyd wat daarop gekoop is, nuttig of op die punt staan om die maaltyd aldus te nuttig, om by of onmiddellik voor of na daardie maaltyd gebruik te word in 'n vertrek of op 'n plek wat nie 'n beperkte gedeelte van die gelisensieerde perseel is nie.

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

(3) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the holder of an hotel liquor licence may on any day, including a closed day, and at any time, sell or supply liquor on his licensed premises to any lodger at the hotel for consumption on such premises elsewhere than in the restricted portion thereof by such lodger or his guest: Provided that no liquor shall be sold or supplied under the provisions of this subsection to such a lodger for consumption by his guest, unless the name and address of such guest and the name of such lodger have been clearly and indelibly recorded by such lodger in a record in the prescribed form to be kept by the licensee for the purpose.

(4) The Minister may, upon application made in writing by the holder of an hotel liquor licence, and on the recommendation of the Board, amend any determination referred to in subsection (1) as he deems fit.

Special conditions of
hotel liquor licences
relating to premises.

86. (1) It shall be special conditions of an hotel liquor licence that at all times—

- (a) the premises in respect of which the licence is held, shall afford residential accommodation of a high standard for guests, including not less than ten bedrooms where the premises are situate within an area under the jurisdiction of a municipal council or borough council or five bedrooms where the premises are situate elsewhere;
- (b) adequate and proper sanitary and bathroom facilities shall be provided on the premises;
- (c) a *bona fide* hotel providing such accommodation and facilities shall be carried on by the licensee upon the premises; and
- (d) such premises shall comply with such minimum requirements as the Minister may, upon the recommendation of the Board, make known in the *Gazette*.

(2) The Minister or a person acting under his directions may, on application in writing of the licensee and on good cause shown, suspend for such period as the Minister or such person may deem fit, the operation of any requirement referred to in subsection (1) (d) in so far as it affects the licensed premises of such licensee.

(3) For the purposes of this section no room shall be counted as a bedroom if it is ordinarily occupied by—

- (a) the licensee or any member of his family;
- (b) the proprietor or manager of the business to which the licence relates, or any member of his family; or
- (c) any other person employed in connection with the carrying on of the business to which the licence relates.

(4) If, by the constitution or extension of the boundaries of the area under the jurisdiction of a municipal council or borough council, any premises in respect of which an hotel liquor licence is held which were previously situate outside such area become included in such area, the provisions of subsection (1) requiring that such premises shall contain not less than ten bedrooms shall not apply until the expiration of twenty-four months from the date when the premises became so included.

Privileges which may
be granted in respect
of hotel liquor
licences.

87. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Minister may, on application made in the prescribed manner, when granting an hotel liquor licence or at any time thereafter, grant authority to the holder of such licence—

- (a) to sell liquor under that licence for consumption off the licensed premises, in any place approved by the Minister and situated, if such licensed premises are situate within an urban area, within such urban area and within the district within which such licensed premises are situate, or, if such licensed premises are situate in a rural area, within the district within which such licensed premises are situate: Provided that if such place does not form part of the premises in respect of which such licence is held, such place shall for all purposes be deemed to form part of the licensed premises;

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

(3) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, kan die houer van 'n hoteldranklisensie op enige dag, met inbegrip van 'n gesloten dag, en te eniger tyd, op sy gelisensieerde perseel drank verkoop of verskaf aan 'n loseerder by die hotel om op daardie perseel elders as in die beperkte gedeelte daarvan gebruik te word deur die loseerder of sy gas: Met dien verstande dat drank nie kragtens die bepalings van hierdie subartikel aan daardie loseerder vir gebruik deur sy gas verkoop of verskaf mag word nie, tensy die naam en adres van die gas en die naam van daardie loseerder duidelik en onuitwisbaar aangeteken is deur daardie loseerder in aantekeninge in die voorgeskrewe vorm wat die licensiehouer vir dié doel moet hou.

(4) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n hoteldranklisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n bepaling bedoel in subartikel (1) na goeddunke wysig.

86. (1) Dit is besondere voorwaarde van 'n hoteldranklisensie dat te alle tye—

Besondere voorwaarde van hoteldranklisensies betreffende persele.

- (a) die perseel ten opsigte waarvan die licensie gehou word, woonakkommodasie van 'n hoë standaard vir gaste moet bevat, met minstens tien slaapkamers indien die perseel in 'n gebied onder beheer van 'n munisipale raad of stadsraad geleë is, of vyf slaapkamers as die perseel elders geleë is;
- (b) toereikende en behoorlike sanitêre en badkamergeriewe op die perseel voorsien moet word;
- (c) die licensiehouer op die perseel 'n *bona fide*-hotel met sodanige akkommodasie en geriewe moet bedryf; en
- (d) die perseel moet voldoen aan die minimum vereistes wat die Minister op aanbeveling van die Raad in die *Staatskoerant* bekend maak.

(2) Die Minister of iemand wat op sy gesag handel, kan op skriftelike aansoek van 'n licensiehouer en by aanvoering van goeie redes, die werking van 'n vereiste bedoel in subartikel (1) (d) vir die tydperk wat die Minister of so iemand goedvind, opskort vir sover dit die gelisensieerde perseel van die licensiehouer raak.

(3) By die toepassing van hierdie artikel word 'n vertrek nie as slaapkamer gereken nie indien dit gewoonlik beset word deur—

- (a) die licensiehouer of 'n lid van sy gesin;
- (b) die eienaar of die bestuurder van die saak waarop die licensie betrekking het, of 'n lid van sy gesin; of
- (c) iemand anders wat in verband met die dryf van die saak waarop die licensie betrekking het, in diens is.

(4) Indien 'n perseel ten opsigte waarvan 'n hoteldranklisensie gehou word, wat voorheen buite 'n gebied onder die beheer van 'n munisipale raad of stadsraad geleë was, deur stigting van so 'n raad of grensutbreiding van so 'n gebied in so 'n gebied opgeneem word, is die vereiste van subartikel (1) dat daardie perseel minstens tien slaapkamers moet bevat nie van toepassing nie, totdat vier-en-twintig maande verloop het vanaf die dag waarop daardie perseel aldus opgeneem is.

87. (1) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet kan die Minister, op aansoek gedoen op die voorgeskrewe wyse wanneer hy 'n hoteldranklisensie verleen of te eniger tyd daarna, magtiging aan die houer van die licensie verleen—

Voorregte wat verleen kan word ten opsigte van hoteldranklisensies.

- (a) om kragtens daardie licensie drank vir gebruik buite die gelisensieerde perseel te verkoop in 'n plek wat die Minister goedkeur en wat geleë is, indien die gelisensieerde perseel in 'n stadsgebied geleë is, in daardie stadsgebied en in die distrik waarin die gelisensieerde perseel is, of, indien die gelisensieerde perseel op die platteland geleë is, in die distrik waarin die gelisensieerde perseel geleë is: Met dien verstande dat indien bedoelde plek nie deel uitmaak van die perseel ten opsigte waarvan daardie licensie gehou word nie, bedoelde plek vir alle doeleindes geag word deel van die gelisensieerde perseel uit te maak;

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

- (b) to sell or supply liquor in any specified restricted portion of the premises, for consumption in such restricted portion on any specified closed day between 12h00 and 14h30 and between 18h00 and 21h00 to any person referred to in section 85 (2);
- (c) to sell or supply liquor until such hour, later than 23h30, and including an hour in the morning of the following day, as the Minister may determine.

(2) The Minister may—

- (a) grant any authority referred to in subsection (1), on such conditions or restrictions, in addition to any condition or restriction determined under section 53 (1), as he may deem fit to determine;
- (b) at any time amend or withdraw any condition or restriction determined under this section or determine any condition or restriction or any further condition or restriction in respect of any authority granted or deemed to have been granted under subsection (1) as he may deem fit.

(3) Any authority granted under subsection (1) shall be issued in the prescribed form by the person acting under the directions of the Minister.

(4) No authority under subsection (1) (a) shall be of any force and effect unless there has been paid to the receiver of revenue concerned in respect thereof an amount equal to one half of the annual fees payable in respect of the licence in question: Provided that if such authority is issued after 31 January in any year the amount so payable in respect thereof shall be reduced by one twelfth in respect of each completed calendar month which has passed from the preceding 31 December to the date upon which such authority has been issued in terms of subsection (3).

(c) Bar licences

Special condition relating to meals and facilities.

88. It shall be a special condition of a bar licence that ordinary meals shall regularly be provided on the licensed premises for guests and that the premises shall at all times afford reasonable facilities for persons taking meals thereon.

Days and hours of sale and supply of liquor.

89. (1) Subject to the provisions of this Act, the holder of a bar licence shall not sell or supply liquor earlier than 10h00 or later than 23h30: Provided that—

(a) he may sell or supply liquor until such later hour as the Minister may, upon written application made in the prescribed manner, authorize in writing;

(b) if a condition has been determined under section 54 (1) (b) (i) in respect of the sale or supply of liquor to any particular class of persons under a bar licence in respect of premises situate in an area declared under the Group Areas Act, 1966 (Act No. 36 of 1966), an area for occupation by members of the white group, liquor shall be sold and supplied by the holder of such licence to the particular class of persons concerned only during such hours (being not earlier than 10h00 or later than 23h30) as the Minister may, on the recommendation of the Board, made after enquiry in terms of section 18, determine.

(2) The holder of a bar licence may, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, sell or supply liquor on any closed day between 12h00 and 14h30, and between 18h00 and 21h00, to any person *bona fide* taking or about to take an ordinary meal on the licensed premises which has been purchased thereat and for consumption with or immediately before or after such meal in a room or place other than a restricted portion of the licensed premises.

(3) The Minister may, upon application made in writing by the holder of a bar licence, and on the recommendation of the Board, amend any determination or authority referred to in subsection (1) as he deems fit.

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

(b) om drank in 'n bepaalde beperkte gedeelte van die perseel vir gebruik in so 'n beperkte gedeelte op 'n bepaalde geslote dag tussen 12h00 en 14h30 en tussen 18h00 en 21h00 te verkoop of te verskaf aan 'n persoon bedoel in artikel 85 (2);

(c) om drank te verkoop of te verskaf tot 'n uur, later as 23h30, en ook 'n uur in die môre van die volgende dag, wat die Minister bepaal.

(2) Die Minister kan—

(a) 'n magtiging bedoel in subartikel (1) verleen op die voorwaardes of beperkings, benewens enige voorwaarde of beperking kragtens artikel 53 (1) bepaal, wat hy na goeddunke bepaal;

(b) te eniger tyd 'n voorwaarde of beperking wat kragtens hierdie artikel bepaal is, wysig of intrek of 'n voorwaarde of beperking of verdere voorwaarde of beperking na goeddunke bepaal ten opsigte van 'n magtiging wat kragtens subartikel (1) verleen is of geag word daarkragtens verleen te gewees het.

(3) 'n Magtiging wat kragtens subartikel (1) verleen word, word in die voorgeskrewe vorm uitgereik deur die persoon wat op gesag van die Minister handel.

(4) 'n Magtiging kragtens subartikel (1) (a) is nie van krag nie, tensy ten opsigte daarvan aan die betrokke ontvanger van inkomste 'n bedrag betaal is gelyk aan 'n helfte van die jaarlikse gelde wat ten opsigte van die betrokke lisensie betaalbaar is; Met dien verstande dat indien so 'n magtiging na 31 Januarie van die een of ander jaar uitgereik word, die bedrag wat aldus ten opsigte daarvan betaalbaar is, verminder word met 'n twalfde ten opsigte van elke voltooide kalendermaand wat verstreke is tussen die voorafgaande 31 Desember en die dag waarop bedoelde magtiging ingevolge subartikel (3) uitgereik word.

(c) Kantienlisensies

88. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n kantienlisensie dat gewone maaltye gereeld op die gelisensieerde perseel aan gaste verskaf moet word en dat die perseel te alle tye redelike fasiliteite moet bevat vir mense wat maaltye daarop nuttig.

Besondere voorwaarde betreffende maaltye en fasiliteite.

89. (1) Behoudens die bepaling van hierdie Wet, mag die houer van 'n kantienlisensie nie vroeër as 10h00 of later as 23h30 drank verkoop of verskaf nie: Met dien verstande dat—

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

(a) hy drank kan verkoop of verskaf tot die latere tyd wat die Minister op skriftelike aansoek gedoen op die voorgeskrewe wyse, skriftelik magtig;

(b) indien 'n voorwaarde kragtens artikel 54 (1) (b) (i) bepaal is ten opsigte van die verkoop of verskaffing van drank aan 'n bepaalde klas persone kragtens 'n kantienlisensie ten opsigte van 'n perseel geleë in 'n gebied wat kragtens die Wet op Groepsgebiede, 1966 (Wet No. 36 van 1966), 'n gebied vir okkupasie deur lede van die blanke groep verklaar is, drank deur die houer van bedoelde lisensie aan die betrokke bepaalde klas persone verkoop en verskaf word slegs gedurende die tye (wat nie vroeër as 10h00 of later as 23h30 is nie) wat die Minister, op aanbeveling van die Raad, gedoen na onderzoek ingevolge artikel 18, bepaal.

(2) Die houer van 'n kantienlisensie kan, ondanks andersluidende bepaling van die een of ander wet, drank verkoop of verskaf op 'n geslote dag tussen 12h00 en 14h30 en tussen 18h00 en 21h00, aan iemand wat bona fide op die gelisensieerde perseel 'n gewone maaltyd wat daarop gekoop is, nuttig of op die punt staan om die maaltyd aldus te nuttig, om by of onmiddellik voor of na daardie maaltyd gebruik te word in 'n vertrek of op 'n plek wat nie 'n beperkte gedeelte van die gelisensieerde perseel is nie.

(3) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n kantienlisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n bepaling of magtiging bedoel in subartikel (1) na goeddunke wysig.

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

Special conditions relating to rules and number of members of clubs.

Days and hours of sale and supply of liquor.

Payment for liquor or entertainment.

Condition relating to kinds of liquor which may be sold or supplied under meal time wine and malt licences.

Days and hours of sale and supply of liquor.

Special condition relating to accommodation.

(d) Club liquor licences

90. It shall be special conditions of a club liquor licence that—

- (a) the rules of the club shall at all times comply with the requirements referred to in section 27 (1) (b); and
- (b) the club shall at all times consist of—
 - (i) at least thirty-five members if the relevant licence was granted before the date of commencement of section 60 of the Liquor Amendment Act, 1977 (Act No. 44 of 1977);
 - (ii) at least fifty ordinary members or, in the case of a club referred to in section 27 (2), at least thirty-five such members, if the relevant licence is granted on or after the said date.

91. (1) Subject to the provisions of this Act, the holder of a club liquor licence shall not sell or supply liquor earlier than 10h00 or later than 23h30.

(2) Notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, the competent authority may, in granting a club liquor licence, and on such conditions or restrictions as it may deem fit to determine, authorize the holder of such a licence to sell or supply liquor on any day, including a closed day, and at any time, on the licensed premises in question to any member of the club for consumption by such member or his guest: Provided that—

- (a) where such sale or supply takes place outside the hours of sale determined in subsection (1), such liquor shall be consumed elsewhere than in the restricted portion of the premises;
- (b) no liquor shall be sold or supplied under this subsection to a member for consumption by his guest, unless the name and address of such guest and the name of such member have been clearly and indelibly recorded by such member in a record in the prescribed form to be kept by the licensee for the purpose.

(3) The Minister may, upon application made in writing by the holder of a club liquor licence and on the recommendation of the Board, amend any authority referred to in subsection (2) as he deems fit.

92. Notwithstanding the provisions of section 80 (1) and (2), the holder of a club liquor licence may, for liquor supplied on the licensed premises, receive payment by means of coupons which have been paid for by current money or cheques on bankers or in respect of which such holder has obtained an undertaking that they will be so paid for.

(e) Meal time wine and malt licences

93. It shall be a condition of a meal time wine and malt licence that no liquor other than malt liquor, table wine which is the product solely of the alcoholic fermentation of the juice of fresh grapes and containing not more than fourteen per cent of alcohol by volume, and other fermented beverages, shall be sold or supplied thereunder.

94. Subject to the provisions of this Act, the holder of a meal time wine and malt licence may, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, sell and supply liquor on any day, including any closed day, to any lodger or other person *bona fide* taking an ordinary meal on the licensed premises, and for consumption with such meal, but not at any other time than between 12h00 and 14h00 and between 18h00 and 20h00.

95. It shall be a special condition of a meal time wine and malt licence that the holder thereof shall keep upon his licensed premises a *bona fide* lodging-house and that the premises shall at all times afford reasonable residential accommodation for guests.

(d) Klubdranklisensies

90. Dit is besondere voorwaardes van 'n klubdranklisensie dat—

Besondere voorwaardes betreffende reglemente en aantal lede van klubs.

- (a) die reglement van die klub te alle tye moet voldoen aan die vereistes bedoel in artikel 27 (1) (b); en
- (b) die klub te alle tye moet bestaan uit—
 - (i) minstens vyf-en-dertig lede indien die betrokke lisensie voor die datum van inwerkingtreding van artikel 60 van die Drankwysigingswet, 1977 (Wet No. 44 van 1977), verleen is;
 - (ii) minstens vyftig gewone lede of, in die geval van 'n klub bedoel in artikel 27 (2), minstens vyf-en-dertig sodanige lede, indien die betrokke lisensie op of na die genoemde datum verleen is.

91. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag die houer van 'n klubdranklisensie nie drank vroeër as 10h00 of later as 23h30 verkoop of verskaf nie.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

(2) Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, kan die bevoegde gesag, wanneer hy 'n klubdranklisensie verleen, en op die voorwaardes of beperkings wat hy na goeddunke bepaal, die houer van so 'n lisensie magtig om op enige dag, insluitende 'n gesloten dag, en te eniger tyd, op die gelisensieerde perseel drank te verkoop of te verskaf aan 'n lid van die klub vir gebruik deur daardie lid of sy gas: Met dien verstande dat—

- (a) waar bedoelde verkoop of verskaffing plaasvind buite die ure van verkoop bepaal in subartikel (1) daardie drank elders as in die beperkte gedeelte van die perseel gebruik moet word;
- (b) drank nie kragtens hierdie subartikel aan 'n lid vir gebruik deur sy gas verkoop of verskaf mag word nie, tensy die naam en adres van daardie gas en die naam van daardie lid duidelik en onuitwisbaar aangeteken is deur daardie lid in aantekeninge in die voorgeskrewe vorm wat die lisensiehouer vir dié doel moet hou.

(3) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n klubdranklisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n magtiging bedoel in subartikel (2) na goeddunke wysig.

92. Ondanks die bepalings van artikel 80 (1) en (2) kan die houer van 'n klubdranklisensie vir drank wat op die gelisensieerde perseel verskaf is, betaling ontvang deur middel van koepons waarvoor met gangbare geld of banktjeks betaal is of ten opsigte waarvan so 'n houer 'n onderneming verkry het dat aldus daarvoor betaal sal word.

Betaling vir drank of onthaal.

(e) Maaltyd-wyn-en-bierlisensies

93. Dit is 'n voorwaarde van 'n maaltyd-wyn-en-bierlisensie dat geen ander drank as bier, tafelwyn wat uitsluitlik die produk is van die alkoholiese gisting van die sap van vars druwe en wat nie meer alkohol bevat nie as veertien persent van sy volume, en ander gegiste drank kragtens verkoop of verskaf mag word nie.

Voorwaarde betreffende soorte drank wat kragtens maaltyd-wyn-en-bier-lisensies verkoop of verskaf kan word.

94. Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die houer van 'n maaltyd-wyn-en-bierlisensie, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, drank op enige dag, insluitende 'n gesloten dag, verkoop en verskaf aan 'nloseerde of ander persoon wat bona fide op die gelisensieerde perseel 'n gewone maaltyd nuttig, en wel om by die maaltyd gebruik te word, maar slegs tussen 12h00 en 14h00 en tussen 18h00 en 20h00.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

95. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n maaltyd-wyn-en-bierlisensie dat die houer daarvan op sy gelisensieerde perseel 'n bona fide-losieshuis moet hou en dat die perseel te alle tye redelike woonakkommodasie vir gaste moet bevat.

Besondere voorwaarde betreffende akkommodasie.

(f) Restaurant liquor licences

Special condition relating to meals and facilities.

Days and hours of sale and supply of liquor.

Special condition relating to sports meetings.

Days and hours of sale and supply of liquor.

Special condition relating to performances and facilities.

Days and hours of sale and supply of liquor.

96. It shall be a special condition of a restaurant liquor licence that the holder thereof shall keep upon the licensed premises a *bona fide* restaurant at which ordinary meals are regularly provided for guests and that the premises shall at all times afford facilities of a high standard for persons taking meals thereon.

97. (1) Subject to the provisions of this Act, the holder of a restaurant liquor licence may, notwithstanding anything to the contrary in any other law contained, sell or supply liquor on any day, including any closed day, to any person *bona fide* taking or about to take an ordinary meal in the restaurant which has been purchased thereat, for consumption with or immediately before or after such meal, but not at any other time than between 12h00 and 14h30 and between 18h00 and 23h30 or such later hour as the Minister may upon written application made in the prescribed manner authorize in writing: Provided that no liquor shall be sold after 21h00 on any Sunday, Christmas Day, Good Friday, Ascension Day or the Day of the Covenant.

(2) The Minister may, upon application made in writing by the holder of a restaurant liquor licence and on the recommendation of the Board, amend any authority referred to in subsection (1) as he deems fit.

(g) Sportsground liquor licences

98. (1) It shall be a special condition of a sportsground liquor licence that *bona fide* public sports meetings shall regularly take place upon the premises in respect of which the licence is held and that the premises shall at all times afford reasonable facilities for persons consuming liquor thereon.

(2) If the Minister is satisfied that the provisions of subsection (1) will cause undue hardship to the holder of such licence granted prior to the date of commencement of section 71^{quat} of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), he may upon application made in writing exempt such holder from the said provisions in so far as the holding of such sports meetings is concerned.

99. (1) Subject to the provisions of this Act, liquor may be sold and supplied by the holder of a sportsground liquor licence only on those days upon which any public sports meeting takes place upon the sportsground in question and then only during such hours as may be determined by the competent authority, which hours shall only be from the time of commencement of such meeting, being not earlier than 10h00 until thirty minutes after the time when such meeting ends, being not later than 23h30: Provided that in the case of a licensee who has been exempted under section 98, liquor may be sold and supplied by such licensee only on such occasions and during such hours as may be determined by the Minister in granting such exemption, which hours shall not be earlier than 10h00 and not later than 23h30.

(2) The Minister may, upon application made in writing by the holder of a sportsground liquor licence and on the recommendation of the Board, amend any determination referred to in subsection (1) as he deems fit.

(h) Theatre liquor licences

100. It shall be a special condition of a theatre liquor licence that at all times a *bona fide* theatre shall be maintained on the premises in respect of which the licence is held at which dramatic performances or plays or concerts are regularly presented or cinematographic films are regularly shown to the public and that the licensed premises shall at all times afford reasonable facilities for persons consuming liquor thereon.

101. (1) Subject to the provisions of this Act, liquor may be sold and supplied by the holder of a theatre liquor licence only on those days upon which any public entertainment takes place upon

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

(f) Restaurant-dranklisensies

96. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n restaurant-dranklisensie dat die houer daarvan op die gelisensieerde perseel 'n *bona fide*-restaurant in stand moet hou waar gewone maaltye gereeld aan gaste verskaf word en dat die perseel te alle tye fasiliteite van 'n hoë standaard moet bevat vir mense wat maaltye daarop nuttig.

Besondere voorwaarde betreffende maaltye en fasiliteite.

97. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die houer van 'n restaurant-dranklisensie, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, drank op enige dag, insluitende 'n gesloten dag, verkoop of verskaf aan iemand wat *bona fide* in die restaurant 'n gewone maaltyd wat daarin gekoop is, nuttig of op die punt staan om die maaltyd te nuttig, om by of onmiddellik voor of na die maaltyd gebruik te word, maar slegs tussen 12h00 en 14h30 en tussen 18h00 en 23h30 of die later tyd wat die Minister op skriftelike aansoek gedoen op die voorgeskrewe wyse, skriftelik magtig: Met dien verstande dat drank nie na 21h00 op Sondag, Kersdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartdag of Geloftedag verkoop mag word nie.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

(2) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n restaurant-dranklisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n magtiging bedoel in subartikel (1) na goeddunke wysig.

(g) Sportterrein-dranklisensies

98. (1) Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n sportterrein-dranklisensie dat *bona fide*-openbare sportbyeenkomste gereeld gehou moet word op die perseel ten opsigte waarvan die lisensie gehou word en dat die perseel te alle tye redelike fasiliteite moet bevat vir persone wat drank daarop gebruik.

Besondere voorwaarde betreffende sportbyeenkomste.

(2) Indien die Minister oortuig is dat die bepalings van subartikel (1) oormatige ontbering sal veroorsaak aan die houer van so 'n lisensie wat voor die datum van inwerkingtreding van artikel 71^{qua}t van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), verleen is, kan hy op skriftelike aansoek so 'n houer vrystel van bedoelde bepalings vir sover dit die hou van bedoelde sportbyeenkomste betref.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

99. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan drank deur die houer van 'n sportterrein-dranklisensie verkoop en verskaf word slegs op daardie dae waarop 'n openbare sportbyeenkoms op die betrokke sportterrein plaasvind en dan slegs gedurende die ure wat die bevoegde gesag bepaal, welke ure slegs kan wees vanaf die tyd waarop die openbare sportbyeenkoms begin, synde nie vroeër as 10h00 nie, tot dertig minute na die tyd waarop daardie byeenkoms eindig, synde nie later nie as 23h30: Met dien verstande dat in die geval van 'n lisensiehouer wat kragtens artikel 98 vrygestel is, drank deur bedoelde lisensiehouer slegs verkoop en verskaf kan word by die geleenthede en gedurende die ure wat die Minister by verlening van bedoelde vrystelling bepaal, welke ure nie vroeër as 10h00 en nie later as 23h30 mag wees nie.

(2) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n sportterrein-dranklisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n bepaling bedoel in subartikel (1) na goeddunke wysig.

(h) Teaterdranklisensies

100. Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n teaterdranklisensie dat 'n *bona fide*-teater te alle tye op die perseel ten opsigte waarvan die lisensie gehou word, in stand gehou moet word waar toneelopvoerings of -stukke of konserte of rolprente gereeld aan die publiek aangebied of vertoon word en dat die gelisensieerde perseel te alle tye redelike fasiliteite moet bevat vir persone wat drank daarop gebruik.

Besondere voorwaarde rakende aanbiedinge en fasiliteite.

101. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan drank deur die houer van 'n teaterdranklisensie verkoop en verskaf word slegs op daardie dae waarop 'n openbare vermaaklikheid op die

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

the theatre premises and then only during such hours as may be determined by the competent authority which hours shall only be from the time of commencement of such entertainment, being not earlier than 10h00, until thirty minutes after the time when any such entertainment ends, being not later than 23h30.

(2) The Minister may, upon application made in writing by the holder of a theatre liquor licence and on the recommendation of the Board, amend any determination referred to in subsection (1) as he deems fit.

(i) *Temporary liquor licences*

Presence of women and children on premises at agricultural shows.

102. (1) The provisions of section 70 (1) shall not apply in respect of any female or person under the age of eighteen years who is in any portion of premises in respect of which there has been issued a temporary liquor licence to the secretary of a *bona fide* agricultural show for the sale of wine as defined in section 24.

(2) The provisions of section 73 (1) and (2) shall not apply to any female of the age of twenty-one years or more who is employed in or in connection with the sale or supply of liquor on premises referred to in subsection (1).

Special condition relating to persons to whom liquor, and kinds of liquor which, may be sold or supplied.

103. (1) It shall be a special condition of a temporary liquor licence granted under section 28 (b), that no liquor shall be sold or supplied thereunder to any person who is not a member of a class of persons to whom the licensee is authorized under a special authority to sell or supply liquor.

(2) It shall be a condition of a temporary liquor licence issued to the holder of a wine and malt liquor licence that no liquor other than wine, as defined in section 24 (9) of this Act or in section 2 of the Wine, Other Fermented Beverages and Spirits Act, 1957 (Act No. 25 of 1957), other fermented beverages and malt liquor which has been produced or brewed in the Republic or the territory of South West Africa shall be sold or supplied thereunder.

Days and hours of sale and supply of liquor.

104. Subject to the provisions of this Act, a temporary liquor licence shall not authorize the sale or supply of liquor for any longer period than six consecutive days or upon any day other than one on which the place of the public function, recreation or amusement in respect of which it is granted, is open to the public, and then only during such hours as may be determined by the competent authority, which hours shall only be between the hours at which such place is opened and closed to the public being not earlier than 10h00 or later than 24h00 or, if any day following any day in respect of which such licence is granted is not a closed day, not later than 02h00 of such following day: Provided that for the purposes of a temporary liquor licence issued to the holder of an authority referred to in section 23 (1) (a) for the sale of liquor for consumption on the premises described in such authority, any polling day fixed under the Electoral Consolidation Act, 1946 (Act No. 46 of 1946), or under the said Act, read with the Coloured Persons Representative Council Act, 1964 (Act No. 49 of 1964), or under any law which regulates the election of members of the Indian Council, shall be deemed to be an open day.

Restrictions relating to granting of temporary liquor licences.

105. (1) A temporary liquor licence may be granted only for the purpose of one or more bars or other points of sale, as specified in the licence, in or from which liquor is to be sold or supplied within, or within the grounds of, any exhibition, show, race meeting, or other place of public function, recreation or amusement.

(2) In the case of a sports meeting held at one and the same time within, or within the grounds of, more than one place of public recreation within the same district, one such licence may be issued in respect of one or more such bars or other points of sale, as specified in the licence, within, or within the grounds of, any one or more or all of such places of public recreation.

DRANKWET, 1977.

Wet No. 87, 1977

teaterperseel plaasvind en dan slegs gedurende die ure wat die bevoegde gesag bepaal, watter ure slegs mag wees vanaf die tyd waarop daardie vermaakklikheid begin, synde nie vroeër as 10h00 nie, tot dertig minute na die tyd waarop daardie vermaakklikheid eindig, synde nie later nie as 23h30.

(2) Die Minister kan, op skriftelike aansoek deur die houer van 'n teaterdranklisensie en op aanbeveling van die Raad, 'n bepaling bedoel in subartikel (1) na goedgunke wysig.

(i) Tydelike dranklisensies

102. (1) Die bepalings van artikel 70 (1) is nie van toepassing nie op 'n vrouspersoon of iemand wat onder die ouderdom van agtien jaar is wat in 'n gedeelte van 'n perseel verkeer ten opsigte waarvan 'n tydelike dranklisensie aan die sekretaris van 'n *bona fide*-landboutentoonstelling uitgereik is vir die verkoop van wyn soos omskryf in artikel 24.

(2) Die bepalings van artikel 73 (1) en (2) is nie van toepassing nie op 'n vrouspersoon van die ouderdom van een-en-twintig jaar of ouer wat in diens is by of in verband met die verkoop of verskaffing van drank op 'n perseel bedoel in subartikel (1).

Teenwoordigheid van vrouspersone en kinders op persele by landboutentoonstellings.

103. (1) Dit is 'n besondere voorwaarde van 'n tydelike dranklisensie verleen kragtens artikel 28 (b) dat drank nie daarkragtens verkoop of verskaf mag word nie aan iemand wat nie 'n lid is nie van 'n klas persone aan wie die lisensiehouer kragtens 'n spesiale magtiging gemagtig is om drank te verkoop of te verskaf.

(2) Dit is 'n voorwaarde van 'n tydelike dranklisensie uitgereik aan die houer van 'n wyn-en-bierlisensie dat geen ander drank as wyn, soos omskryf in artikel 24 (9) van hierdie Wet of artikel 2 van die Wet op Wyn, Ander Gegiste Drank en Spiritualieë, 1957 (Wet No. 25 van 1957), ander gegiste drank en bier wat in die Republiek of Suidwes-Afrika vervaardig of gebrou is, daarkragtens verkoop of verskaf mag word nie.

Besondere voorwaarde betreffende persone aan wie drank, en soorte van drank wat, verkoop of verskaf kan word.

104. Behoudens die bepalings van hierdie Wet mag 'n tydelike dranklisensie nie die verkoop of verskaffing van drank vir 'n langer tydperk magtig nie as ses agtereenvolgende dae of op 'n ander dag as 'n dag waarop die plek van die openbare funksie, gesellige byeenkoms, ontspanning of vermaak in verband waarmee dit verleen is, vir die publiek toeganklik is, en dan slegs gedurende die ure wat die bevoegde gesag bepaal, watter ure slegs tussen die uur van opening en die uur van sluiting van daardie plek vir die publiek mag wees, synde nie vroeër nie as 10h00 of nie later nie as 24h00 of, indien 'n dag wat volg op 'n dag ten opsigte waarvan sodanige lisensie verleen is, nie 'n gesloten dag is nie, nie later nie as 02h00 van sodanige volgende dag: Met dien verstande dat vir die doeleindes van 'n tydelike dranklisensie wat uitgereik word aan die houer van 'n magtiging bedoel in artikel 23 (1) (a) vir die verkoop van drank vir gebruik op die perseel omskryf in die magtiging, 'n stemdag vasgestel kragtens die Wet tot Konsolidasie van die Kieswette, 1946 (Wet No. 46 van 1946), of kragtens daardie Wet, gelees met die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad, 1964 (Wet No. 49 van 1964), of kragtens 'n wet wat die verkiesing reël van lede van die Indiërraad, geag word 'n ope dag te wees.

Dae en ure van verkoop en verskaffing van drank.

105. (1) 'n Tydelike dranklisensie mag slegs verleen word vir die doel van een of meer kroëë of ander verkooppunte, soos in die lisensie bepaal, waarin vanwaar drank verkoop of verskaf gaan word by, of op die terrein van, 'n vertoning, tentoonstelling, wedrenbyeenkoms of ander plek van openbare funksie, ontspanning of vermaak.

Beperkings betreffende verlening van tydelike dranklisensies.

(2) In die geval van 'n sportbyeenkoms wat op een en dieselfde tyd by, of op die terrein van, meer as een plek van openbare ontspanning in dieselfde distrik gehou word, kan een sodanige lisensie verleen word ten opsigte van een of meer sodanige kroëë of ander verkooppunte, soos in die lisensie bepaal, by, of op die terrein van, een of meer of al die bedoelde plekke van openbare ontspanning.

Act No. 87, 1977

LIQUOR ACT, 1977.

Taking of orders and acceptance of offers on premises of agricultural shows.

Control or sharing of profits by persons other than licensees.

Special conditions relating to meals and facilities.

Condition relating to kinds of liquor which may be sold or supplied.

Days and hours of sale and supply of liquor.

106. Notwithstanding the provisions of section 68, orders or offers for the sale or purchase of wine as defined in section 24 and which has been produced by the holder of an authority under that section, may be taken, accepted or received if the transaction takes place at premises in respect of which the secretary of a *bona fide* agricultural show holds a temporary liquor licence under which such wine may be sold.

107. (1) The holder of a temporary liquor licence shall not without the written authority of the magistrate granting such a licence, allow any other person in effect to control the business to which the temporary liquor licence relates or to become a partner therein or to share in the profits thereof.

(2) Any application for authority under this section shall be made in the prescribed manner.

(j) Wine and malt liquor licences

108. Except in the case of a licence held in respect of a boat referred to in the definition of "premises" in section 1, it shall be a special condition of a wine and malt liquor licence that ordinary meals shall regularly be provided on the licensed premises for guests and that the premises shall at all times afford reasonable facilities for persons taking meals thereon.

